

**Gauteng East District
Rekeningkunde
Graad 11
Kontrole toets 1
Tydsduur: 1, 5 ure
Punte: 100
Maart 2022**

Instruksies en inligting:

1. Jy word voorsien van 'n vraestel en antwoordblad.
2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE verpligte vrae.
3. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word.
5. 'n Blou/swart pen mag gebruik word.
6. Skryf netjies en leesbaar.
7. Gebruik die inligting in die tabel as riglyn wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om nie daarvan af te wyk nie.

Vraag	Onderwerp	Punte	Tyd toegeken
1	Bankversoeningstaat	45	40
2	Vaste bates	55	50
Totaal		100	90

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye (die voorblad ingesluit).

VRAAG 1 BANKVERSOENINGSTAAT**(45 punte; 40 minute)**

- 1.1 'n Onervare boekhouer van Ticktock Winkels het die Kontantjoernale op 31 Januarie 2022 afgesluit en na die Algemene Grootboek oorgeboek voordat dit met die Banktaat vergelyk is.

GEVRA:

- 1.1.1 Teken die nodige transaksies direk in die Bankrekening van Ticktock Winkels aan om hul rekords op te dateer.
(Kontra-rekening vir die individuele inskrywings moet duidelik in die Bankrekening aangedui word). (25)
- 1.1.2 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Januarie 2022 op. (9)

INLIGTING:

- A** Uittreksel uit die Bankversoeningstaat op 31 Desember 2021:

Krediteer uitstaande deposito's:		12 000
15 Desember 2021		
31 Desember 2021		34 500
Debiteer uitstaande EFO's	No.198	4 000
	No. 204	2 000
	No. 209	3 700
Ongunstige Saldo volgens bankrekening		15 300

LET WEL:

- Die uitstaande deposito van R34 500 op die Bankversoeningstaat was ten opsigte van verkope. Dit is as R27 000 in die Januarie-bankstaat aangeteken. Ná 'n ondersoek is besluit om die vermiste R7 500 af te skryf.
- Alle ander uitstaande deposito's en EFO's verskyn in die Januarie-bankstaat.

- B** Voorlopige totale/saldo's op 31 Januarie 2022

Bankkolom in Kontantontvangstejoernaal	R 195 071
Bankkolom in Kontantbetalingsjoernaal	R 250 000

C Die volgende items het op die Bankstaat verskyn vir Januarie 2022 maar nie in die kontantjoernale nie:

- Diensfooie, R680.
- Kontantheringsfooie, R200.
- EFO-fooie, R211.
- Rente op oortrokke rekening, R1 400.
- Aftrekorder aan Seed Properties, R9 600 vir die maandelikse huur.
- 'n Deposito van K. Motloutse vir R4 900 ter vereffening van sy rekening.
- 'n Deposito van R54 000 van Afrika Bank. Dit sluit 'n vaste deposito van R50 000 in wat verval, sowel as rente.
- 'n EFO aan 'n krediteur, R12 100. Na ondersoek is ontdek dat Ticktock Winkels dit verkeerdelik in die KBJ as R2 100 aangeteken het.
- Debietorders:

ADSA Bank	?	Die lening beloop, R120 000. Die lening word oor 2 jaar in maandelikse paaiemente terugbetaal.
Webnet	R2 500	R2 000 is ten opsigte van die Wifi wat in die besigheid gebruik word, die R500 is vir die eienaar se huisverbinding.

D Die volgende items het slegs in die Kontantontvangstejoernaal en Kontantbetalingsjoernaal verskyn, maar nie op die Bankstaat nie:

- EFO 280 vir R3 700 aan DD Trader vir handelsvoorraad gekoop.
- EFO 286, R2 340 aan 'n krediteur ter vereffening van 'n rekening van R2 600.
- EFO 298, R7 100 vir instandhouding wat op die eiendom voltooi moet word.
- Uitstaande deposito, R19 300.
- 'n EFO vir R600 is op die onderneming se bankstaat aangedui. Hierdie betaling hou nie verband met die besigheid nie en moet deur die bank reggestel word.
- Die saldo van die bankstaat is die balanserende syfer.

1.2 MAJA HANDELAARS

Een van Maja Handelaars se kliënte, P Kev het Seba Maja meegedeel dat iets vreemds gebeur het toe hy sy rekening van R2 500, kontant vereffen het. Hy het verklaar dat die kwitansie wat hy ontvang het nie die naam van die besigheid op het nie. Seba het dit toe ondersoek en gevind dat Kuiba, die kassier, nie 'n inskrywing van die R2 500 in die werklike kwitansieboek gemaak het nie. Die rekening van P Kev is egter gesluit, aangesien die bedrag na 'n ander debiteur se rekening oorgeplaas is.

1.2.1 Verduidelik kortliks die probleem wat in hierdie besigheid bestaan. (2)

1.2.2 Verskaf TWEE interne beheermaatreëls wat geneem moet word om die probleem op te los. (4)

1.2.3 Seba Maja wil haar seun se klasgeld van R4 500 as 'n besigheidsuitgawe aanteken. Verduidelik die volgende:

- Hoekom is dit nie aanvaarbare praktyk nie? (2)
- Hoekom jy as die rekenmeester nie sy versoek sou ondersteun nie? (1)
- Wat moet die korrekte aantekening wees? (2)

VRAAG 2: KONSEPTE, VASTE BATES, INTERNE BEHEER EN AARP
(55 punte; 50 minute)

2.1 KONSEPTE

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer 2.1.1 – 2.1.5 neer.

- 2.1.1 Opgehoopte waardevermindering word as 'n negatiewe bate beskou. (1)
- 2.1.2 Een bateregister moet voorberei word vir al die tasbare bates wat deur die besigheid besit word. (1)
- 2.1.3 Die waarde van toerusting depresseer nie. (1)
- 2.1.4 Waardevermindering is 'n toegerekende uitgawe (1)
- 2.1.5 Die bates word teen hul drawaarde in die rekords van die besigheid aangeteken. (1)

- 2.2** Die volgende is 'n uittreksel uit die rekords van Sithole Handelaars vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2022. Die besigheid word besit deur Zandile Sithole

GEVRA:

- 2.2.1 Toerustingrekening (4)
- 2.2.2 Bereken die waardevermindering op:
- Voertuie (9)
 - Toerusting (4)
- 2.2.3 Bateverkope rekening (10)
- 2.2.4 Die vaste/tasbare bate nota op 28 Februarie 2022. (17)

2.3 Antwoord die volgende vrae:

- 2.3.1 Wat is die doel daarvan om 'n bateregister vir elke bate te hou? (4)
Verskaf TWEE punte.
- 2.3.2 Die huidige markwaarde van die grond en geboue is R2,5 miljoen, hierdie eiendom is 4 jaar gelede gekoop vir R1 miljoen.
- Watter waarde sal in die boeke van Sithole Handelaars aangeteken word? (1)
 - Identifiseer die AARP-beginsel wat van toepassing is. (1)

INLIGTING:

A UITTREKSEL UIT DIE NA-SLUITING PROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE 2022:

Grond en geboue	R1 000 000
Voertuig	R120 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	R48 960
Toerusting teen kosprys	R40 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	R7 500

B Toerusting

- Toerusting is op 28 Februarie 2022 op krediet aangekoop en is aangeteken, R15 000.
- Waardevermindering op Toerusting word teen 10% p.j. op kosprys afgeskryf.
- Waardevermindering vir die huidige jaar is nie bereken nie.

C Voertuie

- 'n Voertuig is op 1 September 2021 vir R9 000 kontant verkoop en is nie aangeteken nie.
- Die kosprys van die verkoopte voertuig was R45 000.
- Opgehoopte waardevermindering op 1 Maart 2021 was R26 200.
- Voertuie word gedepresieer teen 20% p.j. op drawaarde.
- Waardevermindering vir die huidige jaar is nie bereken nie.

D Grond en geboue

- Gedurende die jaar is 'n faktuur van Mokoena's Construction ontvang vir die volgende:
- 'n Nuwe kantoorgebou R50 000
- Herstelwerk aan die lekkende dak R10 000
- Die volle bedrag is gedebiteer teen herstelwerk.

55

GROOTTOTAAL	100
-------------	-----